**Sondag 28 Augustus**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:26-28; 3:17-19**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:28 (AFR83/2020)**
**Werk tot eer van God**

God het die mens in die begin goed geskape. Die mens is as die kroon van God se skepping daar geplaas in die tuin van Eden om God se verteenwoordiger te wees hier op aarde. Ons is nie hier geplaas om niks te doen nie, maar om die aarde te bewoon en te bewerk. Die mens moet heers oor die skepping wat God daar gestel het. Die mens het dus ’n werksopdrag reeds in die begin van die skepping van God ontvang om hierdie skepping van God deur sy genade en krag te onderhou tot sy eer. ’n Werk wat sekerlik moeiteloos en met vreugde gedoen is voor die sondeval.

Wanneer die sondeval plaasvind, word die werk wat God vir die mens gegee het, moeitevol omdat die aarde deur die mense se toedoen vervloek is. Die moeite en frustrasie wat soms gepaardgaan met ons werk, omdat die wêreld elke dag sy dorings en dissels voortbring, kan soos straf voel. Dit is egter die gevolge van die sondeval. Dit is belangrik om raak te sien dat die feit dat ons moet werk, nie straf op die sonde is nie.

Die straf op die sonde is die ewige dood. Hierdie straf het ons Here Jesus Christus aan die kruis vir ons gedra. Daar het Hy met sy liggaam en bloed betaal vir al ons sonde. Hy het God die Vader se straf op die sonde, wat ons toekom, volkome op Hom geneem. Dit moet ons daartoe bring om ons hele lewe aan God te wy uit dankbaarheid vir sy genade. Dit moet ons daartoe bring om ons werk met lus en ywer te doen tot eer van sy heilige Naam.

*Sing: Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. R Jansen van Vuuren (Riaan) (Lichtenburg)*